# Die Monopolievorming in die Diamant-ontginningsnywerheid van Suid-Afrika

## 1. Inleiding.

Die diamantontginningsnywerheid is een van Suid-Afrika se oudste mynbouvertakkinge. Sedert die eerste diamant in 1867 aan die suidelike oewer van die Oranjerivier in die distrik Hopetown ontdek is, het 'n tydperk van ongeveer 91 jaar verloop, en gedurende hierdie tydperk het die diamantnywerheid baie veranderinge ondergaan. Die opvallendste verandering het in sy ondernemingstruktuur plaasgevind. Waar die nywerheid in sy beginstadium uit 'n groot aantal delwers bestaan het, wat almal individueel opgetree het, het dit ontwikkel tot een van die wêreld se mees volmaakte monopolieë. Die doel is om hierdie ontwikkeling kortliks te skets. Eers gee ons 'n aanduiding van die aard en geografiese verspreiding van hierdie nywerheid.

## 2. Die geografiese verspreiding en aard van die diamantnywerheid.

Sover bekend was Indië die eerste diamantproduserende land en ook die enigste land wat baie eeue land diamante gelewer het; Indië se diamantnywerheid bestaan selfs vandag nog. In die 18e eeu is Indië egter deur Brasilië in belangrikheid oortref. In 1870 is Brasilië op sy beurt weer deur Suid-Afrika vervang, en tot 1931 was Suid-Afrika die wêreld se belangrikste diamantproduserende land wat sowel waarde as gewig van diamante betref.

Die belangrikheid van Suid-Afrika as diamantproduserende land het langsamerhand verminder weens die ontdekking van 'n aantal ryk diamanthoudende afsettings buite die Unie van Suid-Afrika op die Afrikaanse Vasteland. Diamante is o.a. in Suidwes-Afrika in 1908, die Belgiese Kongo in 1910, Angola in 1916, die Goudkus (nou Ghana) in 1918, Sierra Leone in 1930 en in Tanganjika in 1940 ontdek. Suid-Amerika is die belangrikste produsent van diamante buite die vasteland van Afrika. Die Verenigde State van Amerika, wat vandag verreweg die grootste afsetgebied vir diamante is, produseer geen diamante nie. Onlangs is aangekondig dat ryk diamantdraende afsettings in Noord-Siberië ontdek is. Hiervoor is egter meer bewyse nodig.

Diamante word dus in verskillende lande geproduseer. Die wêreldproduksie van diamante was in 1953 ongeveer 20,000,000 metrieke karaat ter waarde van naasteby £46,000,000, d.w.s. omtrent £2.6.0 per karaat. Die rede vir hierdie geringe waarde per karaat is dat 'n groot persentasie

van die geproduseerde diamante van 'n swak gehalte is en slegs vir gebruik in die fabriekswese geskik is.

'n Ontleding van die wêreldproduksie in 1953 toon dat die Afrikaanse Vasteland ongeveer 19,800,000 karaat, m.a.w. 99 persent van die totaal, opgelewer het. Dit toon baie duidelik die oorwegende belangrikheid van die Afrikaanse Vasteland as produsent van hierdie mineraal wat so onmisbaar in tyd van oorlog en vrede is. Die strategiese belangrikheid van die industriële diamant is die rede waarom die Regering van die V.S.A. die afgelope tiental jare hierdie mineraal opgegaar het.

Die drie belangrikste produserende gebiede op die Afrikaanse Vasteland in 1953 was die Belgiese Kongo, die Unie van Suid-Afrika en die Goudkus, wat ongeveer 12,600,000, 2,700,000 en 2,200,000 karaat onderskeidelik geproduseer het. Die totale produksie van die Midde-Afrikaanse gebiede was naasteby 17,100,000 karaat, d.w.s. meer as ses keer die produksie van die Unie van Suid-Afrika. Die Unie se produksie is slegs effens meer as een-vyfde van die Belgiese Kongo.

Die bogenoemde syfers skep dus die indruk dat die Unie deesdae 'n betreklik geringe produsent van diamante is, altans sover dit die fisiese volume aangaan. Gevolglik is die Unie-produsente blykbaar verplig om in hulle produksie- en bemarkingsbeleid die ander Afrikaanse produsente deeglik in ag te neem. Die prentjie verander egter as ons die waardes van die verskillende lande se diamante ontleed. Die produksiewaarde van die Unie se diamante was ongeveer £13,900,000 in 1953, d.w.s. 30.3 persent van die waarde van die totale wêreldproduksie. As die waarde van Suidwes-Afrika se diamantproduksie bygevoeg word, styg die persentasie na 54.0. Die waarde van die produksie van die Belgiese Kongo was slegs £6,200,000, m.a.w. ongeveer 13.4 persent van die totale waarde.

Die rede vir hierdie groot verskil in waardes is dat Suid-Afrika, veral Suidwes-Afrika, 'n groot persentasie juweel-diamante produseer, terwyl die Belgiese Kongo se produksie hoofsaaklik uit industriële diamante bestaan. Dit blyk ook duidelik uit die gemiddelde waarde per karaat geproduseer in elke land, naamlik £5.2.5 per karaat vir die Unie, £17.16.1 vir Suidwes-Afrika en 9/2 vir die Belgiese Kongo. Blykens hierdie waardesyfers is Suid-Afrika nog die belangrikste produsent van die diamante van hoë gehalte en oefen dit in hierdie opsig nog 'n groot invloed op die diamantmark uit.

Die Suid-Afrikaanse diamante kan in alluviale en myndiamante verdeel word. Verreweg die grootste persentasie van die wêreldproduksie

van diamante is alluviaal. Oorspronklik was dit die enigste soort diamantontginner wat in Suid-Afrika aangetref is, maar gedurende die sewentiger jare het die pypmynontginning baie meer diamante opgelewer en is sedertdien nog Suid-Afrika se vernaamste bron van diamante. Dit is trouens die Regering se beleid om die alluviale delfbedryf streng te beperk, omdat lonende delfgronde skaars word. Die bestaande beroepsdelwers verkeer tans dus in 'n soort monopolistiese posisie, omdat die Staat die toetrede tot die bedryf baie beperk.

Alluviale ontginning was vroeër en is vandag op sommige plekke baie eenvoudig en vereis 'n klein kapitaalbelegging. Daarom het die delwerye vroeër baie delwers gelok. In ander gevalle weer is die ontginning moeilik en vereis 'n aansienlike kapitaalbelegging en dus grootskaalse produksie. Gevolglik sluit dit 'n groot aantal delwers uit en plaas die grootskaalse delwers in 'n monopolistiese posisie.

### 3. **Die monopolisering van die Suid-Afrikaanse diamantproduksie.**

Die diamantmonopolie het sy ontstaan te danke aan die pypmynontginning. Heel in die begin van die sewentiger jare is 'n paar ryk diamantvelde ontdek, naamlik Kimberley, De Beers, Bultfontein, Dutoitspan en Jagersfontein. Kleims is in hierdie delfgebiede uitgereik. Later is ontdek dat hierdie delfgronde werklik vulkaniese pype is, gevul met 'n blouagtige grond (genoem kimberliet), waarin diamante voorkom. Dit het die opsporing van verdere kimberlietpype vergemaklik, waarvan Premier naby Pretoria (in 1902) en Wesselton by Kimberley (in 1890) die vernaamstes is.

Die grootte van die oppervlakte van die kimberlietpype is verskillend; byvoorbeeld die Kimberleypyp het 460 kleims (van 30 x 30 Kaapse voet), Dutoitspan 1441, Bultfontein 1067 en De Beers 620 kleims beslaan. As ons in gedagte hou dat dit die gewoonte was dat 'n delwer nie meer as een kleim mag besit nie en dat delwers soms hulle kleims onderverdeel het, dikwels tot so klein as 50 vk. vt., dan kry ons 'n denkbeeld van die aantal delwers wat in elke kimberlietpyp besig was om sy besondere stukkie grond te ontgin. Dit het dan ook nie lank geneem voordat elke pyp vol diep gate was nie. Vervoermiddele wat in die delfgate intuimel, grondwalle wat instort en allerlei geskille tussen die delwers was 'n algemene verskynsel. Die opgaring van water in die myngate het lastig begin word. Namate die gate dieper begin word het, moes die ou delftoerusting deur ander vervang word, wat baie meer kapitaalbelegging vereis het. Toestande is vererger deur lie groot

skaal waarop die diefstal van diamante plaasgevind het. Al hierdie omstandighede het menige delwer laat besluit om liewers hierdie kleims te verlaat en na die ou delwerye langs die Vaalrivier terug te keer.

Toestande was mettertyd sodanig dat daar verandering moes kom. Die natuurlikste oplossing was om die kleims soveel as moontlik te konsolideer. Langsamerhand is vergun dat 'n delwer twee kleims mag besit. Toe dit blyk dat dit te min is, is die aantal tot tien uitgebrei, en uiteindelik is alle beperkinge opgehef. Hierdie algehele opheffing het 'n nuwe belangrike fase in die Suid-Afrikaanse diamantnywerheid ingelui. Bemiddelde delwers het kleims begin opkoop, 'n neiging wat besonder verskerp is toe dit duidelik geword het dat die maatskappyvorm hom uitstekend tot hierdie doel leen. Maatskappye is een na die ander gestig, en daar het 'n aandeelmanie by die publiek ontstaan, wat uiteindelik tot die Diamantkrisis van 1881 gelei het.

In hierdie konsolidasieproses was daar veral twee belangrike persoonlikhede, naamlik Cecil John Rhodes en Barnett Isaacs (meesal bekend as Barney Barnato). Albei hierdie persone het in die begin van die sewentiger jare by die delwerye aangeland met geen kennis van diamante nie en baie min geld in die sak, maar hulle was met ideale besiel; albei het na groot rykdom gestrewe, maar hulle motiewe het verskil. Barnato wou graag toon dat hy groot skemas kon aanpak en 'n groot finansier was. Rhodes wou die rykdomme hê om sy imperiale strewe te verwesenlik.

Rhodes het sy konsolidasiebeleid in die De Beersmyn toegepas, terwyl Barnato in die Kimberleymyn bedrywig was. Rhodes het mettertyd deur middel van sy maatskappy, De Beers Mining Co., al die kleims in die De Beersmyn onder sy beheer gekry, terwyl Barnato se maatskappy, die Kimberley Central Diamond Mining Co., die belangrikste maatskappy in die Kimberleymyn geword het. Daarna het Rhodes sy oë na die Kimberleymyn gewend en probeer om belange daarin te kry. Dit het hom in botsing met Barnato gebring. Deur 'n stukkie besonder vernuftige finansiële diplomasie het die De Beers Mining Co. daarin geslaag om 'n belangrike aandeel selfs in die Kimberley Central Diamond Mining Co. te kry. Rhodes was egter nie tevrede met hierdie sukses nie; hy wou die hele diamantproduksie onder een beheer hê. Vir hierdie doel het hy 'n maatskappy beoog waarin die belange van sy en Barnato se maatskappye saamgesmelt kon word. Teen hierdie plan het Barnato hom heftig verset, maar uiteindelik het Rhodes geseëvier en die nuwe maatskappy, die bekende De Beers Consolidated Mines Ltd., is in 1888 ge-

stig, en die reedsgenoemde twee maatskappye het van die toneel verdwyn.

Hierdie amalgamasie het die nuwe maatskappy in 'n soort monopolistiese posisie geplaas en hom in staat gestel om sy konsolidasiebeleid heelwat makliker voort te sit. Die Bultfontein- en Dutoitspanmyn is op 'n ewigdurende basis gehuur en die Wesseltonmyn is gekoop. Een maatskappy na die ander is uitgekoop, terwyl heelwat plase in die omgewing van Kimberley, wat waarskynlik diamante bevat, opgekoop is. Op hierdie wyse het De Beers Consolidated Mines feitlik volle beheer oor die produksie van diamante gekry. Maar toe word die grootste kimberlietpyp in Suid-Afrika in 1902 ontdek, naamlik die Premiermyn naby Pretoria, wat die monopolie van De Beers Consolidated Mines bedreig het. Die Premiermaatskappy was in staat om tot 1912 onafhanklik op te tree, maar toe het dit onder die beheer van Gebroeders Barnato gekom, wat weer hulle verteenwoordigers op die direksie van De Beers Consolidated Mines gehad het. Die De Beersmaatskappy besit vandag amper die hele aandeelkapitaal van die Premiermaatskappy.

Die volgende bedreiging van die diamantmonopolie was die ontdekking van die ryk diamantvelde van Suidwes-Afrika, destyds onder beheer van Duitsland. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die bedreiging 'n ruk vertraag. In 1920 is deur bemiddeling van die Anglo-American Corporation of S.A. (waarvan sir Ernest Oppenheimer die voorsitter was) die Consolidated Diamond Mines of S.W.A. gestig, wat die belange van die bestaande diamantmaatskappye in Suidwes-Afrika oorgeneem en sodoende beheer oor ongeveer 90 persent van Suidwes-Afrika se produksie van diamante verkry het. Die Anglo-American Corp., wat baie nou saam met die De Beersmaatskappy werk as gevolg van saamgesnoerde direksies, het aansienlike belange in die Consolidated Diamond Mines of S.W.A. verkry. Gevolglik kon die De Beersmaatskappy indirek invloed op hierdie nuwe maatskappy uitoefen. Die De Beersmaatskappy het deur middel van uitruiling van aandele mettertyd daarin geslaag om amper die volle beheer oor die Consolidated Diamond Mines of S.W.A. te kry.

Die stryd van die De Beersmaatskappy om sy diamantmonopolie te handhaaf het nog nie ten einde geloop nie. In 1926 is die ryk diamantvelde van Lichtenburg en in 1927 dié van Namakwaland ontdek. Die bedreiging van Lichtenburg se diamante het gou verdwyn, maar dié van Alexanderbaai in Namakwaland, wat in 1928 'n staatsdelwery geword het, het hoofbrekens besorg. Die Staat was vasbeslote om sy diamante onafhanklik te ontgin en te bemark en wou in die begin nie ten volle

saam met die De Beersmaatskappy werk nie. In 1933 het die Regering egter van beleid verander en besluit om voortaan ten volle saam te werk.

Die Diamantprodusentevereniging (wat eintlik 'n diamantkartel is) is gestig met die Unie-regering, die Administrateur van S.W.A., Consolidated Diamond Mines of S.W.A. en die De Beersmaatskappy en 'n paar van sy dogtermaatskappye as lede. Dit is besluit om die produksie van elke lid deur middel van kwotas te reël.

Met die stigting van die diamantkartel is die diamantmonopolie sover dit die Suid-Afrikaanse produksie aangaan, bestendig. Slegs die gewone delwers en 'n paar onbelangrike diamantmyne is nie in die kartel ingesluit nie. Hoe De Beers die probleem van die bedreiging van die Midde-Afrikaanse produsente opgelos het, word in die volgende afdeling aangetoon.

4. **Die monopolisering van die bemarking van diamante.**

Net soos produksie was die bemarking van die Suid-Afrikaanse diamante in die begin vry van beheer. Daar was baie handelaars in diamante, wat die geproduseerde diamante vir eie rekening of namens oorsese firmas gekoop het. De Beers Consolidated Mines het egter in 1893 besluit om die beginsel van eenkanaalbemarking toe te pas en feitlik sy hele produksie aan die bekende London Diamond Syndicate verkoop. Hierdie diamantsindikaat was tot in die twintiger jare die wêreld se vernaamste verkoopsorganisasie vir diamante. In 1930 is 'n nuwe maatskappy, The Diamond Corporation, gestig wat die Londense Diamantsindikaat vervang het. Tans word hierdie maatskappy deur die De Beersmaatskappy en Consolidated Diamond Mines of S.W.A. beheers.

Afgesien van sy funksie om die diamante van die De Beersmaatskappy en sy ondergeskikte maatskappye te verkoop, moes dit ook probeer om die diamante van die vernaamste ander produsente te koop, veral dié van die Midde-Afrikaanse produsente. Die Diamond Corporation gaan vyfjaarlikse kontrakte aan met hierdie Midde-Afrikaanse produsente, waarvolgens laasgenoemdes onderneem om hulle hele opbrengs aan die Diamond Corporation te verkoop. Op hierdie wyse slaag die De Beersmaatskappy daarin om die mededinging van die Midde-Afrikaanse produsent te beperk en sy doelstelling van eenkanaalbemarking te bereik. Ons moet byvoeg dat die Diamond Corporation wel aandeelbelange in die vernaamste Midde-Afrikaanse maatskappye het, en dit vergemaklik natuurlik die sluiting van die ooreenkomste.

Die werksaamhede van die Diamond Corporation het baie vermeer-

der en in 1934 is besluit om sy verkoopsfunksie aan 'n nuwe maatskappy, The Diamond Trading Co., oor te dra en hom hoofsaaklik by die koopfunksie te bepaal en dus te dien as skakel tussen die diamantkartel en die buite-produsente. In die veertiger jare is dit wenslik geag om die verkoop van industriële diamante te skei van dié van juweeldiamante. Vir dié doel is twee nuwe maatskappye gestig, nl. The Industrial Distributors (1946) Ltd., en The Industrial Distributors (Sales) Ltd. Die Diamond Trading Co. sou dan voortaan slegs die verkoop van juweeldiamante behartig. In 1949 is 'n tweede verkoopsmaatskappy vir juweeldiamante gestig, nl. The Diamond Purchasing and Trading Co. Die diamantkartel se sentrale verkoopsorganisasie bestaan dus uit die bogenoemde vyf maatskappye, wat almal direk of indirek deur die De Beersmaatskappy beheers word. Om sekerder te wees van die samewerking van die groot Midde-Afrikaanse produsente is aandele aan hulle in hierdie verkoopsmaatskappye, veral dié wat die industriële diamante hanteer, toegeken.

## 5. **Slot.**

Die uiteensetting hierbo toon die stryd wat 'n maatskappy soms moet voer om 'n monopolie te verkry en dit te behou. Die grootste strewe van Rhodes en diegene wat hom later opgevolg het, was beheerde produksie en eenkanaalbemarking van diamante. Die ontdekking van ryk diamantvelde veral gedurende die eerste veertig jaar van die 20e eeu het die toepassing van hierdie beginsels gedurig bemoeilik. Tans egter word die Afrikaanse diamantnywerheid beheers deur 'n besonder hegte monopolie wat meer as 95 persent van die wêreld se diamantproduksie hanteer.

Die vraag wat natuurlikerwys by die leser opkom is of so 'n sterk monopolie tot voordeel van die diamantnywerheid en in belang van Suid-Afrika is. Hierdie vraag kan ons nie nou behandel nie.

D. J. VILJOEN.

P.U. vir C.H.O.